

Die mummie en die nagmark

Jasper K. was eens op 'n tyd net 'n gewone mens. Tog, om redes wat ek nog nooit lekker kon uitwerk nie, het hy 'n alternatiewe persona geskep bo-op die murasie van wat op 'n stadium hy was. Soveel ondergrondse kanale moet egter nou deurgekruip word voordat hy kan uitwerk in watse emosionele toestand hy is, om dit dan nog in verstaanbare vorm uit te druk, is die tipe uitdaging waarmee meeste mense eerder nie te gereeld gekonfronteer wil wees nie. Verleë is hy dus oor die rooi bande waarin hy homself toegedraai het. Hy wil tyd met mense spandeer, maar dit dwing hom om deur ... donker Boheemse stegies te stap, hier en daar 'n Middeleeuse klipbrug oor te steek, en deur onverligte Transsilvaanse agterstrate te sukkel om miskien by die dorpsplein en die mark uit te kom waar die mense gesels.

En wil hy nie graag gesels nie? Maar nou sit hy soos 'n mummie in rooi verbande in sy tempel. En kyk – na alles wat mooi is, na alles wat lelik is. En hy probeer dit soos 'n legkaart knip en kerf dat dit inpas in die klein holtes in die vloer waar 'n mosaïek vroeër was. Dat hy daarvoor 'n padkaart kan lê om te weet waar hy moet trap om by die deur uit te kom. En teen daai tyd het die mense op die plein en in die mark al gaan slaap.

Tog, in my opinie, gaan dit goed met hom. Hyself erken hy slaap sewe ure elke nag, soms agt. Elke week gaan kyk hy drie of vier movies. Hy eet ook deesdae weer ontbyt. Volgens sy eie uitgerekte en soms akademiese verduidelikings grawe hy “fondamente,” hy bou “een slaapkamer huise in die vlaktes,” en die “herehuise” sal blykbaar eersdaags vereer word in die pers. Kortom, Jasper K. se lewe is goed, of ten minste beter as wat dit verlede jaar was. Hy't selfs 'n tyd gelede in 'n lang, redelik vervelige relaas uiteengesit dat hy 'n beter begrip van die heelal het as die pous, en vir redes wat die pous blykbaar sal verstaan.

Siende dat dit skynbaar soveel beter gaan deesdae, was ek nogals geskok toe ek onlangs hoor dat hy van plan was om

landuit te vlug. En hy sou moontlik, as ek hom nie oortuig het om 'n aandeel te koop in 'n wasmasjien nie.

“Snaaks,” vertel hy my nou die dag, “maar ek het helder, vars beelde in my kop van 'n tyd toe ek meer gereeld uit die stad gekom het, toe ek selfs sommige aande uitgegaan het ... as die nag belowend genoeg aan my opgedis was.”

Ons was by 'n besige nagmark in die middestad dié aand. Ek kon sien Jasper is diep in gedagte, op sy eie, besig om met homself te praat meeste van die tyd. Ons het voor die tyd besluit om aandete te eet by 'n plek in een van die oorvol gangetjies. Toe ons by die blok rooi plastiek tafels en stoeltjies kom, plaas ek twee bakkies in my skinkbord en skep vir ons althoe 'n klomp groen blare in, en kool, uie, boontjiespruite, wortels, mielies en 'n paar stukkies rooipeper.

“Ek kan ook onthou mense het gewoonlik hande geklap as hulle my sien,” het Jasper voortgegaan, nog enkele treë van die eetplek af, “en dan agter my rug gevra na my naam. Ek kan selfs onthou dat daar tye was wat ek gelukkig genoeg was om 'n heeltelmal onskuldige gesprek in 'n kroeg of op iemand se balkon te kaap met 'n interessanter onderwerp as die een wat besig was om bespreek te word. Het ek werklik?” Sy ongelooft het hom nog meer verwyderd laat voorkom van sy omgewing. “Was ék werklik in staat daartoe?”

Ek handig toe ons bakkies vol blare en ander groente aan die ou by die wok. Ek wou nog bevestig of Jasper ook bokvleis soek, sê maar toe net “yang rou,” en demonstreer met twee wysvingers bokhorings langs my voorkop asof dit deel is van 'n satanistiese ritueel. 'n Idee kom toe by my op.

“Hey, Jasper,” roep ek oor die koppe van 'n groepie Taiwanees tieners. “Siende dat jy nou hier is, op die plein – by wyse van spreke, in die middel van die dorp, mag die mense vir wie jy altyd wag dalk geïnspireer voel om terug te keer na daai Oos-Europese mark in jou kop.” Hy moes my gehoor het, want sy lippe het opgehou beweeg. “Ek is seker daarvan jy kan jouself verbeel jy's net 'n gewone ou,” het ek voortgegaan, “iemand wat net gou afgedraf het mark toe vir brood en eiers.”

NOTA:

HIERDIE DOKUMENT BEVAT TEKS UIT
DERTIEN MINUTE OP 'N SATERDAGAAND
DEUR BRAND SMIT.

VIR MEER INLIGTING, BESOEK ASSEBLIEF
BRANDSMIT.NET

JY IS WELKOM OM KOPIEË VAN HIERDIE
DOKUMENT TE VERSPREI SOLANK DIE INHOUD
ONVERANDERD BLY.

© 2015 BAREND J. L. SMIT